

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		JUNIE 2024	
VAK		REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE	
VRAESTEL		2	
PUNTE TOTAAL		150	
TYD (URE)		3	
AANTAL BLADSYE		16	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit:

AFDELING A: (25 punte)

AFDELING B: (75 punte)

AFDELING C: (50 punte)

2. Beantwoord **ALLE** vrae/afdelings in die antwoordboek.

3. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Begin **ELKE** vraag op 'n **NUWE** bladsy.

5. Laat 'n reël oop tussen **ELKE** subvraag.

6. Lees elke vraag aandagtig deur voordat jy dit beantwoord en **MOENIE** meer inligting gee as wat die vraag vereis nie, want dit sal **NIE** nagesien word nie.

7. Een punt word per feit toegeken; daarom sal 'n 2-punt vraag **TWEE** feite vereis, ens.

8. Antwoorde soos 'stadiger/vinniger' en 'goedkoper' ens. sal **SLEGS** met motivering aanvaar word.

9. Alle antwoorde **MOET** verband hou met Rekenaartoeëpassingstechnologie. Moet **NIE** handelsname in jou antwoord gebruik tensy dit spesifiek vereis word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar.



AFDELING A

VRAAG 1: PASITEMS

Kies die toepaslike term/konsep vanuit KOLOM B wat pas by 'n verduideliking in KOLOM A. Skryf SLEGS die letter langs die vraagnommer in jou ANTWOORDBOEK bv. 1.11 W

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Die protokol wat gebruik word om lêers via die internet oor te dra	A	COUNT
		B	vasbinding ('tethering')
1.2	Die mees geskikte datatipe vir die stoor van 'n telefoonnommer in 'n databasisveld	C	nommer ('number')
		D	e-pos fasiliteit
1.3	Deel van die LTE-internetverbinding van 'n spesifieke tablet met ander tablette in dieselfde vertrek	E	wolkberging ('cloud storage')
		F	Shift+F1
1.4	'n Tipe strepieskode wat inligting stoor en deur 'n digitale toestel gelees kan word	G	SUM
		H	FTP
1.5	Die beste manier om 'n buitengewoon groot lêer met baie gebruikers via die internet te deel deur dit op te laai	I	QR-kode
		J	'lookup wizard'
1.6	'n Databasistabeleienskap waar die gebruiker 'n lys opsies kry om van te kies wanneer data ingevoer word	K	Word-dokument
		L	URL-verkorter
1.7	Kortpadsleutels om alle teks in 'n dokument te selekteer	M	toegangspunt ('hotspot')
1.8	'n Sigbladfunksie wat die aantal selle in 'n reeks met numeriese waardes bepaal	N	validasie reël ('validation rule')
1.9	'n Dokument wat die formaterings- en uitlegvoorstelle vir 'n spesifieke tipe dokument bevat	O	teks
		P	templaat
1.10	'n Databasiseienskap wat verseker dat 'n gebruiker slegs vier letters, gevolg deur twee syfers, in 'n spesifieke veld kan insleutel	Q	VoIP
		R	vorm
		S	toevoermasker ('input mask')
		T	Ctrl+A

[10]

**VRAAG 2: MEERVOUDIGE KEUSEVRAE**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees toepaslike antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in jou ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 2.6 E.

- 2.1 'n ... verwys na 'n visuele koppelvlak wat gebruikers in staat stel om deur grafiese elemente met sagteware te kommunikeer.
- A. GUI
 - B. RSI
 - C. GPS
 - D. JPG
- (1)
- 2.2 Watter EEN van die volgende verwys na 'n kuberaanval wat webwerfverkeer na 'n bedrieglike webwerf herlei met die doel om sensitiewe inligting te steel?
- A. Skimkaping ('Pharming')
 - B. Uitvissing ('Phishing')
 - C. Herlei ('Redirecting')
 - D. Skakeling ('Linking')
- (1)
- 2.3 Watter EEN van die volgende is 'n potensiële bedreiging vir die omgewing wat veroorsaak word deur die wydverspreide gebruik van tegnologie?
- A. 'n Papierlose kantoor
 - B. Verhoogde kragverbruik
 - C. Hervul van inkhouders
 - D. Drukwerk aan beide kante van die bladsy
- (1)
- 2.4 Watter EEN van die volgende is die mees waarskynlike rede waarom dit nodig mag wees om absolute selverwysing in 'n sigblad te gebruik?
- A. Wanneer 'n grafiek in 'n aparte werkblad geskep word
 - B. By die gebruik van die spesiale plak ('paste special') opsie
 - C. Wanneer enige datum- of tydfunksie gebruik word
 - D. Wanneer 'n formule of funksie na ander selle gekopieer word
- (1)
- 2.5 Die kortpadsleutels om formules in 'n sigblad te vertoon.
- A. CTRL+?
 - B. CTRL+~
 - C. Shift+?
 - D. Shift+~
- (1)

[5]



VRAAG 3: WAAR OF ONWAAR-ITEMS

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (3.1 - 3.10) in die ANTWOORDEBOEK neer. Korrigeer die stellings as dit ONWAAR is deur die onderstreepte woord te verander sodat die stelling WAAR is.

Nota:

Jy mag **NIE** die woord 'nie' gebruik om die stelling te verander nie.

Geen punt sal toegeken word indien slegs ONWAAR geskryf word nie.

- 3.1 TCP is die protokol wat gebruik word om lêers tussen rekenaars oor die internet oor te dra. (1)
- 3.2 'n Navraag word gebruik om data van 'n groep mense in te samel. (1)
- 3.3 Plagiaat ('Plagiarism') verwys na die wetlike regte van die gebruiker of skepper in terme van die gebruik en verspreiding van sy/haar eie werk. (1)
- 3.4 Die kontrasverhouding van 'n vertoontoestel is die verhouding tussen die breedte en hoogte van 'n beeld op die skerm. (1)
- 3.5 Multi-aanraaktegnologie stel raakskerms in staat om meer as een punt van kontak met die oppervlak op dieselfde tyd op te spoor. (1)
- 3.6 'n Roeteerder koppel 'n LAN aan 'n WAN. (1)
- 3.7 Outokoppel ('auto connect') is fisiese voorwerpe wat data met ander toestelle en stelsels oor die internet verbind en uitruil, onafhanklik van menslike ingryping. (1)
- 3.8 'n Kunsmatige intelligensie voertuig is 'n voertuig wat vanself van 'n beginpunt na 'n gekose bestemming in 'autopilot'-modus kan ry. (1)
- 3.9 Slimklere ('smart clothing') monitor verskeie aspekte soos hartklop, bloedglukosevlakke en fiksheidsvlakke wanneer dit gedra word. (1)
- 3.10 Netwerkvorming ('network shaping') is 'n tegniek waar sekere netwerkdienste, byvoorbeeld e-pos, prioriteit geniet terwyl ander, soos sosiale netwerkdienste, minder prioriteit geniet. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: [25]



AFDELING B

VRAAG 4: STELSELTECHNOLOGIEË

- 4.1 Verduidelik die verskil tussen 'n RFID- en 'n strepieskodeskandeerder deur te fokus op die tipe tegnologie wat hulle gebruik om etikette en strepieskodes te lees. Noem duidelik RFID en strepieskode gevolg deur jou antwoord. (2)
- 4.2 Dienspakette ('service packs') was voorheen algemeen in Windows-bedryfstelsels, maar kom nie algemeen voor in Windows 10 en 11 nie.
- 4.2.1 Verduidelik wat 'n dienspakket is. (1)
- 4.2.2 Verduidelik waarom dienspakke nie algemeen in Windows 11 voorkom nie. (1)
- 4.3 Verduidelik die verskil tussen SOHO-gebruikers en gebruikers wat oor 'n afstand ('remotely') werk gebaseer op die tipe rekenaartoestelle wat hulle waarskynlik sal gebruik. Noem duidelik SOHO en mobiele gebruiker gevolg deur jou antwoord. (2)
- 4.4 Verkoopspuntstelsels ('point of sale systems'/'POS') verskaf inligting aan die gebruiker. Noem TWEE tipes inligting wat deur 'n verkoopspuntstelsels verskaf word. (2)
- 4.5 VR-kodes ('QR codes') word deur individue en besighede gebruik. Beskryf kortliks TWEE nadele van die gebruik van VR-kodes. (2)
- 4.6 Jy beveel aan dat 'n vriend sy mobiele toestel na die nuutste Android-weergawe opgradeer, al werk sy slimfoon perfek. Gee DRIE redes waarom jy hierdie aanbeveling maak. (3)
- 4.7 Hoe werknemers werk, het die afgelope jaar baie verander. Beantwoord die vrae wat volg.
- 4.7.1 Gee 'n kort beskrywing van 'n ekstranet. (2)
- 4.7.2 Noem TWEE negatiewe impakte van tegnologie op die werksplek. (2)
- 4.7.3 Verduidelik die verband tussen telependel ('telecommuting') en 'n intranet. (2)
- 4.8 Jy het beide 'n hardeskyf en 'n vaste toestand aandrywer (VTA) ('SSD') op jou rekenaar geïnstalleer. Op watter een sal jy kies om die bedryfstelsel te installeer? Motiveer jou antwoord. (2)
- 4.9 Vir elk van die volgende situasies, beveel aan of jy virtuele realiteit (VR) of kunsmatige realiteit (KR) sal gebruik en gee 'n rede vir jou keuse. Noem duidelik VR en KR gevolg deur jou rede.
- 4.9.1 'n Toeris wat tydens vakansie 'n stad besoek. (2)
- 4.9.2 'n Student wat leer oor die internasionale ruimtevaart. (2)

[25]



VRAAG 5: NETWERK- EN INTERNET TEGNOLOGIEË

- 5.1 Verduidelik kortliks flousery ('spoofing'). (1)
- 5.2 Noem TWEE maniere waarop wolkrekenarisering ('cloud computing') gebruikers in staat stel om geld te bespaar, sonder om die koste van sagteware in ag te neem. (2)
- 5.3 Videokonferensies en aanlynvergaderings het gereelde praktyk in organisasies geword.
- 5.3.1 Deelnemers aan 'n videokonferensie word versoek om hul mikrofone te demp ('mute') en hul video te deaktiveer. Gee TWEE redes vir hierdie versoek, behalwe om data te bespaar. (2)
- 5.3.2 Die nodige videokonferensieprogram is korrek geïnstalleer en daar is 'n goeie internetverbinding.
- Gee EEN rede waarom 'n deelnemer dalk nie by die vergadering kan aansluit nie. (1)
- 5.4 Jy stuur 'n e-pos sonder 'n aanhegsel aan ontvangers in jou verspreidingslys ('distribution list').
- 5.4.1 Verduidelik die noodsaaklikheid van 'n verspreidingslys. (1)
- 5.4.2 Gee TWEE moontlike redes waarom 'n e-pos nie deur sommige ontvangers ontvang word nie, selfs al is al die adresse korrek. (2)
- 5.5 Kan die gebruik van 'n 'torrent' wettig wees sonder om kopieregwette te oortree? Motiveer jou antwoord. (2)
- 5.6 Bestudeer die volgende stelling en lewer kommentaar op die akkuraatheid daarvan.
- Die skansmuur ('firewall') van die drukker by die huis moet daagliks opgedateer word om te verhoed dat kwaadwilligeprogrammatuur ('malware') na die netwerk versprei.* (2)
- 5.7 Noem TWEE moontlike voordele van die gebruik van 'n kabelnetwerk in plaas van 'n koordlose netwerk. Moet NIE enige kosteverwante voordele noem nie. (2)

[15]

**VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR**


- 6.1 Noem DRIE eienskappe van 'n sigblad wat dit 'n ideale hulpmiddel maak om data te ontleed. (3)
- 6.2 Noem TWEE aanduidings dat inligting wat op 'n webwerf gevind word, moontlik nie akkuraat is nie. (2)
- 6.3 Gee TWEE redes waarom dit dalk NIE 'n goeie besluit is om 'n menigsopname ('survey') aanlyn te doen NIE. (2)
- 6.4 Beveel TWEE maniere aan waarop 'n menigsopname ontwerp kan word om te verhoed dat die gebruiker toevoerfoute maak. (2)
- 6.5 Gee EEN rede waarom databasisnavrae nuttig is wanneer data ontleed word. (1)

[10]



VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

- 7.1 Gee TWEE nadele van advertensieware ('adware'), behalwe die feit dat dit lastig mag wees. (2)
- 7.2 Verduidelik wat inligtingoorlading is EN hoe dit spesifiek produktiwiteit beïnvloed. (2)
- 7.3 Gee EEN manier waarop e-leer ('e-learning') sagteware mense kan motiveer om te leer. (1)
- 7.4 Noem TWEE terme wat gebruik word om 'n groep rekenaars te beskryf wat gekaap is en wat oor afstand deur misdadigers beheer word. (2)
- 7.5 Beskryf die funksie van virtuele assistent sagteware (wat mense daarmee kan doen). (1)
- 7.6 Die sluitskerm patroon ('lock screen pattern') is 'n sekuriteitseienskap van mobiele toestelle (hieronder getoon). Beantwoord die vrae wat volg.



- 7.6.1 Waarom is die sluitskerm patroon eienskap, soos in die prent vertoon, nie so veilig soos 'n wagwoord nie? (1)
- 7.6.2 Verduidelik watter verbetering aan hierdie sekuriteitseienskap aangebring is om dit veiliger te maak. (1)

[10]



VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING

8.1 Identifiseer en verduidelik kortliks die fout in die volgende afdeling van HTML-kode:

```
<body bgcolor="blue">
</body>
```

(1)

8.2 Verskeie gebruikers kan aan een dokument werk.

8.2.1 Verduidelik die doel van spoorverandering (‘track changes’) in 'n Word-dokument.

(1)

8.2.2 Gee EEN voordeel om spoorverandering te aktiveer.

(1)

8.3 Die inligting in 'n sigblad (Figuur A) hieronder is omgeskakel na die lêer wat in Figuur B vertoon word.

4	Afzelius	Arvid August	49972119
5	Amerling	Karel	13331054
6	Anton	Karl Gottlob von	183632821
7	Arwidsson	Adolf Ivar	8184878
8	Asbjørnsen	Peter Christen	116587918
9	Attems	Heinrich	37665468
10	Atterbom	Per Daniel Amadeus	46819248
11	Balabin	Viktor Petrovich	44473845

Figuur A

```
Afzelius,Arvid August,49972119
Amerling,Karel,13331054
Anton,Karl Gottlob von,183632821
Arwidsson,Adolf Ivar,8184878
Asbjørnsen,Peter Christen,116587918
Attems,Heinrich,37665468
Atterbom,Per Daniel Amadeus,46819248
Balabin,Viktor Petrovich,44473845
```

Figuur B

8.3.1 Wat is die term wat gebruik word om die omskakelingsproses van die sigbladlêer in Figuur A na die lêer in Figuur B te beskryf?

(1)

8.3.2 Identifiseer die tipe lêer in Figuur B.

(1)

8.3.3 Gee TWEE redes waarom jy 'n lêer na hierdie formaat sal omskakel.

(2)



8.4 Hieronder is 'n Access-tabel in ontwerpansig ('design view'), wat al die velde wat in die tabel ingesluit is, vertoon.

Field Name	Data Type
ContactSurname_KontakVan	Short Text
ContactName_KontakNaam	Short Text
ContactNo_KontakNr	Short Text
Seat_Sitplek	Short Text
NumbTickets_HoevKaartjies	Number
Price_Prys	Currency

Die onderstaande navraag is geskep deur van die velde uit die tabel te gebruik.

ContactSurname_KontakVan	ContactNo_KontakNr	Price_Prys	TotCost
Steffens	0822595794	R100,00	115
Leverling	0822595794	R100,00	115
Bickell	0822595794	R90,00	103,5
Stretch	0822595794	R90,00	103,5
Peacock	0822595794	R100,00	115

8.4.1 Die *TotCost*-veld is geskep deur BTW by die *Price_Prys*-veld te voeg. Watter tipe veld is *TotalCost*-veld? (1)

8.4.2 Hoekom is hierdie veld nie sigbaar in die ontwerpansig ('design view') van die tabel nie? (1)

8.4.3 Verskaf die formule wat in die *TotCost*-veld ingevoer is om die totale koste te bereken. (2)

8.5 Die resultaat wat in die onderstaande skermkoot vertoon word is verkeerd nadat die = NOW()-funksie in sel A1 van 'n sigblad ingevoer is.

	A	B	C	D	E
1	44921.69089				
2					
3					

8.5.1 Beskryf kortliks die doel van die =NOW()-funksie. (1)

8.5.2 Beveel aan wat gedoen moet word om die korrekte resultaat te vertoon. (1)



8.6 Bestudeer die skermkoot van 'n VLOOKUP-funksie wat in MS Excel ingevoer is. Hoekom sal jy hierdie funksie gebruik? Gebruik die inligting in die skermkoot in jou verduideliking.

	A	B	C	D
	Fruit	Monday Price	Tuesday Pice	Wednesday Price
1				
2	Apple	60	80	112
3	Banana	110	290	195
4	Peach	120	150	111
5	Lychee	110	140	91
6	Mango	88	63	70
7				
8				
9	=VLOOKUP(A8;A2:D6;3;FALSE)			

(2)

[15]

TOTAAL AFDELING B: [75]



AFDELING C: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

Neem die volgende scenario in ag wanneer jy Vrae 9 en 10 beantwoord.

SCENARIO


Die skaakklub by die skool word in 'n groot vertrek by die skool aangebied. Die klub het verskeie rekenaars ontvang wat die klublede in staat sal stel om aan aanlyn skaak-kompetisies deel te neem. Verder, wanneer dit nie deur die skaakklub gebruik word nie, kan ander leerders die rekenaars vir e-sport en e-leer gebruik.

VRAAG 9: INTEGRASIE

- 9.1 'n Plakkaat in die skaakklub wys die volgende instruksies:
 Moenie enige draagbare media (soos geheuestokkies) gebruik nie.
 Moenie 'verdagte' webwerwe besoek nie.
 Moenie op skakels in e-posse/opwip vensters klik nie.
 Moenie 'ongeverifieerde'/roofsagteware aflaai/installeer nie.
 Moenie aanhegsels ('attachments') van onbekende e-pos adresse oopmaak nie.
 Skandeer aanhegsels met 'n antivirus voordat dit oopgemaak word.
- Wat probeer die skaakklub voorkom deur hierdie boodskappe te vertoon? (1)
- 9.2 Die skaakklub wil die rekenaars gebruik om e-leer te vergemaklik. Gee TWEE nadele van e-leer in vergelyking met tradisionele leer in 'n skool. (2)
- 9.3 Die bibliotekaris ontvang 'n uitvissing-e-pos ('phishing email'), en sy vra die administrateur om haar antivirus op te dateer.
- 9.3.1 Verduidelik kortliks wat uitvissing is. (2)
- 9.3.2 Noem TWEE aksies wat 'n antivirus kan doen om uitvissing wat in 'n e-pos gebruik word, te voorkom. (2)
- 9.4 Hoekom word Bitcoin-myn ('Bitcoin mining') nie as groen rekenarisering beskou nie? (1)
- 9.5 Een van die werknemers het 'n webblad geskep, maar wanneer hy op die lêer dubbelklik om die webblad oop te maak, maak dit in Notepad oop en nie in 'n webblaaiër nie.
 Gee TWEE redes waarom dit kan gebeur. (2)



- 9.6 Bestudeer die skermkoot van 'n HTML-tabel. Identifiseer en gee 'n kort beskrywing van die twee eienskappe wat deur 'A' en 'B' aangedui word. Dui A en B aan gevolg deur jou antwoord.



(4)

- 9.7 'n E-pos wat handel oor kripto-geldeenhede en blokketting ('blockchain') is aan die skaakklub gestuur.

9.7.1 Wat sal gebeur, indien die eienaar van 'n kripto-geldeenheid sy/haar private sleutel/beursie ('private key/wallet') verloor? (2)

9.7.2 As watter tipe toepassingsagteware kan blokketting ('blockchain') geklassifiseer word? (1)

9.7.3 Wat word gesien as die hoofrede waarom mense nie in kriptogeldeenhede belê/koop nie? (1)

- 9.8 Die skaakklub het 'n Wi-Fi-roeteerder, maar die sein is nie oral in die sentrum beskikbaar nie. Beveel aan wat gedoen moet word om 'n sein oral in die sentrum te kry. (1)

9.9 Noem TWEE internetverbindingstechnologieë behalwe kables. (2)

- 9.10 Die drukker in die skaakklub het opgehou druk nadat die rekenaar waarop Windows 10 geïnstalleer was, na Windows 11 opgegradeer is.

Verduidelik hoekom hierdie probleem voorgekom het en gee aanbevelings oor hoe om dit op te los om drukwerk met die drukker met Windows 11 moontlik te maak. (2)

- 9.11 'n Slimfoon sal outomaties 'n kennisgewing van 'n e-pos ontvang sonder enige aksie van die gebruiker.

9.11.1 Wat word hierdie tegnologie genoem? (1)

9.11.2 Gee TWEE redes waarom jy sou kies om jou slimfoon te stel om nie aanhegsels outomaties af te laai nie. (2)

[25]




VRAAG 10: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

NOTA: Die scenario van Vraag 9 is ook van toepassing op Vraag 10.

- 10.1 Die skaakklublede wil lugfoto's neem van die buitekant en omgewing van die skool met die gebruik van 'n hommeltuig ('drone'). Noem en beskryf kortliks TWEE beperkings (nie nadele nie) van hommeltuie. (2)
- 10.2 Verduidelik waarom 'n ervare 'speler' ('gamer') waarskynlik Monitor B sal verkies. (2)


Monitor A	Monitor B
8 000 000:1	8 000 000:1
60 Hz	59 Hz
6 ms	2 ms

- 10.3 Die skaakklubfasiliteite sal gebruik word om 'n seminar oor die 4de Industriële Revolusie (4IR) aan te bied. (2)
- 10.3.1 Waarom sal 4IR tot groter produktiwiteit lei? (1)
- 10.3.2 Het die vraag na hoogs geskoolde of laer geskoolde werkers toegeneem as gevolg van 4IR? Motiveer jou antwoord. (2)
- 10.4 'n Brief in Word-formaat moet aan skaakklub lede gestuur word. Beskryf TWEE maniere om die dokument na lees alleen ('read-only') te verander sonder om die formaat/uitbreiding van die dokument te verander. (2)
- 10.5 'n Geheuestokkie ('flash drive'), wat 'n lêergids ('folder') met prentjies bevat, is in een van die sentrum se rekenaars geplaas. Alhoewel die gidsgrootte in die geheuestokkie se eienskappe ('properties') (sien hieronder) wys dat dit lêers bevat, is daar geen lêers in die lêergids sigbaar nie. Gee TWEE moontlike redes hiervoor. (2)





- 10.6 Die sentrum bied 'n trivia-aand aan waar rekenaarverwante vrae gevra sal word. Beskryf kortliks die volgende funksies.
- 10.6.1 Toestelbestuur ('device management') (2)
- 10.6.2 Geheuebestuur ('memory management') (2)
- 10.7 Jy wil 'n rugsteun maak van 'n groot versameling multimedia lêers wat op die bediener ('server') gestoor is. Hierdie lêers moet daaglik op 'n eksterne toestel gestoor word. Watter bergingstoestel ('storage device') sal die geskikste en doeltreffendste wees wat spoed betref? Motiveer jou antwoord. (2)
- 10.8 Noem TWEE voordele van die gebruik van 'n mikro-USB-poort in plaas van die standaard USB-poort op 'n slimfoon. (2)
- 10.9 Die rande ('edges') van 'n gedig wat in die middel gedruk is, is afgesny (sien skermskoot hieronder). Gee TWEE moontlike redes waarom dit gebeur het? Moenie na enige formatering of instellings in die dokument verwys nie.



- 10.10 'n OKT ('UPS') in die skaakklub is aan die bediener gekoppel. Sal die gebruik van 'n OKT die sentrum krag bespaar? Motiveer jou antwoord. (2)
- 10.11 Verduidelik hoekom dit op die lange duur beter kan wees om 'n intreevlak-rekenaar eerder as 'n intreevlakskootrekenaar te koop, afgesien van enige koste-oorewegings. (1)
- 10.12 Na watter soort rekenaarverbruikersitem ('consumable') verwys die letters CMYK? (1)

[25]

TOTAAL AFDELING C: [50]

GROOTTOTAAL: [150]